



21 April 2002

Posbus 1615
Bethlehem, 9700
Tel/Faks: (058) 303 9640

BESTUURSINLIGTING

WATTER WAARDASIE IS DIE BESTE VIR KAPITALE WINS?

Belasting op kapitale wins vorm 'n belangrike komponent van die totale belastingbasis van 'n land en word gehef wanneer sekere bates van 'n kapitale aard verkoop word. Enige natuurlike persoon (individu) of regspersoon (maatskappye, BK's en trusts) wat 'n inwoner van Suid-Afrika is, is sedert 1 Oktober 2001 aanspreeklik vir hierdie nuwe vorm van belasting.

SPEZIALE BERIG

'n Kapitale wins of verlies is die verskil tussen die basiskoste van 'n geaffekteerde bate en die bedrag wat dit realiseer wanneer die bate verkoop word. "Verkoop" van 'n bate ontstaan ook wanneer 'n bate geskrap, geruil, vernietig of geskenk word. Die basiskoste sluit koste in wat uit die verkryging, verbetering of afstanddoening van 'n kapitale bate ontstaan het.

Daar is bates in boere se boeke wat voor die inwerkingtrede van die wet reeds aangekoop is. Gevolglik kan die boer enige van drie metodes gebruik om die basiskoste van sulke bates te bereken wanneer dit na die inwerkingtrede van die wet verkoop word. Hierdie metodes is:

- 20% van die opbrengs by verkope wat as basiskoste geag word indien geen rekords oor die aankoopwaarde beskikbaar is nie en daar ook nie bepaal kan word wat die markwaarde van die bate op 1 Oktober 2001 was nie;
- Die markwaarde van die bate soos op 1 Oktober 2001;
- Die tydtoedelingsmetode.

Markwaardemethode

Alle waardasies van bates moet gedoen word asof op 1 Oktober 2001 en moet voor 30 September 2003 afgehandel wees. Die wet is nie voorskriftelik oor wie die waardasies mag doen nie maar die onus rus op die belastingpligtige om die regsgeldigheid van so 'n waardasie te staaf. Indien die

markwaarde as basiskoste gebruik word, moet 'n afskrif van die waardasiesertifikaat saam met die betrokke belastingopgawe ingedien word. In sekere gevalle moet die waardasiesertifikaat saam met die eerste belastingopgawe na 30 September 2003 ingedien word. Dit sluit in:

- Ontasbare bates met 'n markwaarde van meer as R1 miljoen per bate;
- Ongelyste aandele wat deur die aandeelhouer in 'n maatskappy gehou word van meer as R10 miljoen;
- Alle ander bates wat meer as R10 miljoen per bate behoort.

Sekere reëls is in plek om winste en verliese te beperk wanneer die markwaarde gebruik word. Hierdie reëls voorkom fiktiewe

verliese wat veroorsaak word deur oordrewe waardasies, asook die ontbering indien bates bo die markwaarde van 1 Oktober 2001 verkoop word, maar laer as die oorspronklike koste.

Tydtoedelingsmetode

Hierdie metode mag gebruik word indien rekords beskikbaar is van die datum van verkryging en die koste van die bate voor 1 Oktober 2001. Die formule is soos volg:

$$\text{Verkoopprys} \times \frac{\text{Periode besit voor 1 Oktober 2001}}{\text{Periode besit voor en na 1 Oktober 2001}}$$

Die periode besit voor en na 1 Oktober weerspieel die totale tydperk wat die bate besit is. Verbeterings of toevoegings wat aangebring is voor 1 Oktober 2001 word beskou asof dit plaasgevind het tydens die verkryging van die bate. Die periode voor 1 Oktober 2001 word beperk tot 20 jaar.

Die vraag is nou watter een van die drie metodes die meeste voordele vir die boer inhou wanneer hy die basiskoste van sy plaas bereken. Die effek van elke metode word skematies in die grafieke voorgestel vir 'n plaas van 100 ha wat op 1 Oktober 2001 R152,898.00 werd was.

Jare in besit

In die eerste grafiek het die boer die plaas 20 jaar gelede teen R25,000.00 aangekoop. Die waarde van die plaas het jaarliks met

gemiddeld 10% toeneem en die verwagting is dat dit vir die volgende 20 jaar ook gemiddeld met 10% sal styg.

Grafiek 1 toon dat die tydtoedelingsmetode die kleinste verskil tussen die basiskoste en die verkoopprijs sal meebring en dat hierdie metode gevolglik daartoe sal lei dat die boer die minste belasting op kapitale wins sal betaal. Die markwaarde bied aanvanklik beter voordele as die 20%-metode maar indien die boer die bate langer as sestien jaar na 1 Oktober 2001 gaan hou sal hierdie metode die nadeligste vir die boer wees.

In Grafiek 2 is die plaas tien jaar vantevore vir R58,949.00 gekoop en is op 1 Oktober 2001 steeds R152,898.00 werd. Die jaarlikse toename in waarde is ook nog 10%.

Hoewel die tydtoedelingsmetode steeds die meeste voordele aan die boer bied, toon Grafiek 2 dat die verskil in kapitale wins vernou namate die tydperk van besit vóór 1 Oktober verminder. In Grafiek 3 is die optimale punt op 4 jaar bereken wat beteken dat die markwaarde die meeste voordele bied indien 'n bate minder as vier jaar voor die inwerkingtrede van belasting op kapitale wins aangekoop is waarvan die waarde jaarliks met ongeveer 10% styg.

Prysstygings

Die tempo waarteen die waarde van 'n plaas styg sal ook 'n invloed op die verskil tussen

die basiskoste en die verkoopprijs hê. Hoe vinniger die waarde toeneem, hoe groter gaan die verskil wees en hoe meer belasting moet daar in gevolge die kapitale wins betaal word. In die volgende drie grafieke is daar aangeneem dat die plaas telkens tien jaar voor die inwerkingtrede van belasting op kapitale wins in die boer se besit was. In Grafiek 4 styg die waarde van die grond met gemiddeld 5% per jaar.

Grafiek 4 toon aan dat die markwaarde, soos op 1 Oktober 2001, tot die kleinste kapitale wins vir die volgende twintig jaar sal lei indien die plaas se waarde met nie meer as 5% per jaar toeneem nie. Die 20%-opsie bied die minste voordele vir die boer indien dit as basiskoste gebruik word.

Indien dieselfde plaas as in Grafiek 4 se prys jaarlikse met 10% toeneem, toon Grafiek 5 dat daar aanvanklik min verskil tussen die markwaarde en die tydtoedelingsmetode is. Hoe langer die plaas egter na 1 Oktober 2001 gehou word voordat dit verkoop word, hoe meer voordelig raak dit om die tydtoedelingsmetode te gebruik om die basiskoste mee te bereken. Vanaf die sewentiende jaar is die markwaarde, soos op 1 Oktober 2001, selfs meer nadelig as die 20%-opsie.

In Grafiek 6 word die basiskoste vir die verskillende metodes bereken met die veronderstelling dat die plaas se prys na 1 Oktober 2001 gemiddeld met 5% per jaar

gaan daal. Uit hierdie grafiek is dit duidelik dat die markwaarde die meeste voordele bied indien die waarde van plaaseiendom aanhoudend vir die volgende twintig jaar gaan daal. In so 'n geval gaan die daling 'n kapitale verlies veroorsaak wat teen ander kapitale winste afgeskryf kan word. Die twee ander metodes vir die berekening van die basiskoste sal steeds 'n kapitale wins veroorsaak indien pryse daal.

Berekening

Kapitale wins word teen die volgende koerse by die belastingpligte se belasbare inkomste gevoeg, nadat 'n aanvanklike korting van R10,000.00 afgetrek is:

- In die geval van regs persone word 50% van die kapitale wins bygevoeg;
- In die geval van natuurlike persone word 25% van die kapitale wins bygevoeg.

Daarna word die totale belasbare bedrag wat uit die gewone belasbare bedrag en die proporsionele kapitaalwinst bestaan teen die belastingbetaler se normale belastingkoers belas en kan dit dus die marginale belastingkoers verhoog.

Dit wil voorkom of die tydtoedelingsmetode in die meeste gevalle die beste voordeel vir die boer ten opsigte van belasting op kapitale wins bied vir bates wat vóór 1 Oktober reeds in sy besit was.


Daar is sommige gevalle waar die markwaarde wel voordele bied, veral waar die bate kort voor die inwerkingtrede van die wet aangekoop is of waar daar verwag word dat die verkoopprijs van die bate in die toekoms matig gaan styg of selfs gaan daal. Daar moet ook in gedagte gehou word dat indien die plaas se markwaarde soos op 1 Oktober 2001 meer as R10 miljoen vir 'n

spesifieke titelakte beloop, daar in elk geval 'n waardasie-sertifikaat na die Ontvanger gestuur moet word, al word die bate nie verkoop nie.


Die boer is nie verplig om die markwaarde te gebruik wanneer hy die bate verkoop nie. Dit is dus aan te beveel dat die boer wel sy bates soos op 1 Oktober 2001 laat waardeer. Hy het tot 30 September 2003 kans om dit terugwerkend te doen. Hierdie waardasie kan hy in sy laai hou en wanneer hy die bate verkoop kan hy besluit of die markwaarde hom beter as die tydtoedelingsmetode gaan pas.

*Philip Theunissen
Bethlehem; April 2002*


GRAFIEK 1: TWINTIG JAAR IN BESIT




GRAFIEK 4: VERKOOPPRYS STYG MET 5% PER JAAR




GRAFIEK 2: TIEN JAAR IN BESIT



GRAFIEK 5: VERKOOPPRYS STYG MET 10% PER JAAR



GRAFIEK 3: VIER JAAR IN BESIT



GRAFIEK 6: VERKOOPPRYS DAAL MET 5% PER JAAR

